



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Tydlose Turkye

28 Augustus - 07 September 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Daar is plekke waar geskiedenis nie net in museums bewaar word nie, maar deel van die landskap en die alledaagse lewe is. Turkye is een van hulle — 'n bestemming gevul met kleur, kultuur, kruie en kebabs.

Hier reis ons van die vreemde rotsformasies, feetjietorings en ondergrondse stede van Kappadosië na die warmbronne en katoenkastele van Pamukkale en die ruïnes van antieke Hiërapolis. Ons stap in die voetspore van die antieke Syroete, ontdek plekke waar vroeë Christene hul geloof uitgeleef het en ervaar die rustige ritme van die Mediterreense kus in Fethiye.

En dan is daar Istanboel – die stad met een voet in Asië en die ander in Europa. 'n Stad waar moskees, basaars, paleise en eeue se geskiedenis saamvloei in 'n daaglikse ritme wat net hier bestaan; waar die Bosporus soos 'n silwer draad tussen wêreldes lê en elke straat 'n nuwe laag van die stad se karakter onthul.

Maar soos met enige Leef Jou Reis toer, gaan dit nie net oor die plekke wat ons besoek nie. Dit gaan oor die mense wat ons ontmoet, die kos wat ons saam om 'n tafel geniet, die ervarings wat ons langs die pad deel en daardie oomblikke wat jy nie noodwendig op 'n reisplan kan neerskryf nie.





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Hoogtepunte:

Kappadosië: Een van Turkye se mees besondere landskappe wag in Kappadosië – 'n wêreld van vreemde rotsformasies, verborge valleie, antieke grotkerke en ondergrondse stede. Oor miljoene jare het vulkaniese uitbarstings, wind en water hierdie merkwaardige landskap gevorm, terwyl mense dit oor eeue heen verder uitgekerf en bewoon het. Met sonopkoms dryf kleurvolle warmlugballonne oor die feetjietorings en valleie – 'n uitsig wat Kappadosië se unieke karakter perfek vasvang.

Pamukkale & Hiërapolis: Die wit kalkterrasse van Pamukkale is een van Turkye se mees herkenbare landskappe. Hier vloei warm, mineraalryke water oor die heuwel en vorm dit die bekende Katoenkastele. Dan is daar Hiërapolis, 'n antieke Romeinse stad wat rondom hierdie warmbronne ontstaan het. Ons stap tussen sy teater, tempels en badhuise en ontdek hoekom hierdie plek 'n gesogte toevlug vir reisigers was. En natuurlik is daar ook tyd om die warm mineraalwater te ervaar – selfs in die beroemde bad van Cleopatra.

Fethiye: Berge wat tot by die see strek, helder turkoois water en afgesonderde baaie vorm die agtergrond vir Fethiye aan die Middellandse See. Klein eilande en inhamme nooi jou om te ontspan en die atmosfeer van die kus te ervaar. Hier gaan dit oor die eenvoud van die Mediterreense lewe – die see, vars geure, son en warm mense.

Istanboel: Waar Europa en Asië deur 'n waterweg van mekaar geskei word, kom die verhaal van Turkye op 'n besondere manier in Istanboel bymekaar. Eeue se geskiedenis, verskillende kulture en 'n moderne stadslewe bestaan hier langs mekaar – 'n stad waar twee kontinente, talle kulture en 'n ryk verlede deel van dieselfde ritme geword het.





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

DAG 1: Vrydag, 28 Augustus 2027

Johannesburg

Jou Turkse avontuur begin vandag wanneer jy die Leef Jou Reis-span by OR Tambo Internasionale Lughawe ontmoet. Van hier af begin ons reis na Turkye – 'n land waar Oos en Wes, antieke geskiedenis en moderne kultuur op 'n besondere manier saamkom.

(Alle etes aan boord)

DAG 2: Saterdag, 29 Augustus 2027

Aankoms en ontdekking van Kappadosië

Ons arriveer vroegoggend in Istanboel vanwaar ons 'n binnelandse vlug na Kappadosië neem. Met aankoms word ons verwelkom en na ons grothotel geneem – 'n unieke deel van die streek se erfenis, waar huise eeue lank direk uit die sagte rots gekerf is.

Nadat ons ingeklok het, vertrek ons om Kappadosië se besondere landskap te ontdek. Oor miljoene jare het vulkaniese uitbarstings, wind en water hierdie vreemde wêreld van valleie en rotsformasies gevorm.

Ons besoek Devrent-vallei, ook bekend as Imagination Valley, waar die natuur merkwaardige rotsformasies geskep het wat die verbeelding prikkel. Daarna verken ons Paşabağ, of Monnikvallei, die tuiste van Kappadosië se bekende feetjietorings waar monnike eens afgesonderd geleef het.

Ná middagete by 'n plaaslike restaurant besoek ons die Göreme Opelugmuseum, 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied.



Die kerke en kloosters is direk in die sagte vulkaniese rots uitgekerf en spog met goed bewaarde fresko's uit die 10de eeu. Kappadosië het ook 'n besondere plek in die vroeë Christelike geskiedenis gehad. Vroeë Christene het hier kom skuil, aanbid en leef, en hul geloof het 'n nalatenskap gelaat wat vandag nog sigbaar is.

Ons sluit die dag af met ons verwelkomingsete, waar ons saam die eerste aand van ons Turkse avontuur vier. Hier kry ons ook die geleentheid om van die streek se tradisionele geregte te proe – dalk 'n stadig-gaar *testi kebab*, wat in 'n verseelde kleipot voorberei word, of *manti*, Turkye se bekende klein gevulde kluitjies.

Oornag: Kappadosië (Middagete & Verwelkomingsaandete)



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*



DAG 3: Sondag, 30 Augustus 2027

Kappadosië van Bo en Onder

Vir diegene wat Kappadosië vanuit 'n ander perspektief wil ervaar, begin die dag voor sonopkoms met 'n opsionele lugballonvaart. Soos die eerste lig oor die landskap breek, dryf ons stil oor die feetjietorings, valleie en grotwonings van hierdie besondere streek. Vir diegene wat verkies om op vaste grond te bly, is daar tyd vir 'n rustige oggend en ontbyt by die hotel voordat ons weer as groep bymekaarkom.

Ons verken die skilderagtige Rooi Vallei, waar die rotsformasies deur die veranderende sonlig van kleur verander. 'n Rustige wandeling neem ons verby versteekte groterke en indrukwekkende rotswande tot by die dorpie Çavuşin, een van Kappadosië se oudste nedersettings. Die tradisionele klip- en grotwonings vertel hier die verhaal van die streek se Griekse en Turkse erfenis. Ons besoek ook die merkwaardige Derinkuyu-ondergrondse stad. Hierdie veelvlakkige stad is diep onder die grond uitgekerf en het eens aan duisende mense skuiling gebied tydens tye van invalle.

Saam met Kappadosië se groterke en kloosters herinner hierdie plekke ons aan die belangrike rol wat die streek in die geskiedenis van die vroeë Christelike kerk gespeel het.

Ná middagete hou ons stil in die mooi Duifvallei voordat ons voortgaan na Uçhisar-kasteel, die hoogste punt in Kappadosië. Van hier af strek 'n uitsig oor die valleie en rotsformasies wat ons die afgelope twee dae leer ken het.

Later die middag besoek ons 'n klein familie-wynlandgoed waar ons van Kappadosië se bekendste wyne kan proe, waaronder die plaaslike Emir- en Kalecik Karası-variëteite. Vanaand is daar vir diegene wat graag verder in die Turkse kultuur wil delf, die opsie om aan 'n praktiese kookklas saam met Mother Havva deel te neem. Sy leer ons hoe om tradisionele geregte soos *gözleme*, gevulde groente en stroperige nageregte voor te berei.

Oornag: Kappadosië (Ontbyt & Middagete)

DAG 4: Maandag, 31 Augustus 2027

Van die Syroete na Pamukkale

Ná ontbyt neem ons afskeid van Kappadosië en reis suidwaarts deur die hart van Anatolië, op pad na Pamukkale. Langs die roete ontdek ons van die streek se belangrikste kulturele skatte, met ons eerste stop by die indrukwekkende Sultanhanı-karavanserai.

Hierdie goed bewaarde herberg was eens 'n belangrike rusplek vir handelaars, pelgrims en kameelkaravane wat tussen Oos en Wes langs die antieke Syroete gereis het. Die massiewe klipmure en Seljoek-argitektuur gee ons 'n blik op 'n tyd toe hierdie roete nie net goedere nie, maar ook idees, kulture en verhale tussen wêreldse vervoer het.



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Ons reis verder na Konya, een van Turkye se oudste stede en die geestelike tuiste van die Swaaidervisse en die geliefde digter en filosoof Rumi. Ná middagete besoek ons die Mevlana-museum, waar Rumi se laaste rusplek onder die bekende turkoois koepel lê. In die rustige binnehowe en tussen die versameling Soefi-artefakte leer ons meer oor sy tydlose boodskap van liefde, verdraagsaamheid en eenheid – 'n boodskap wat vandag steeds mense wêreldwyd inspireer.

Later die middag vertrek ons na Pamukkale, waar ons by ons hotel aankom en tyd het om onself in te rig voordat ons vir aandete saamkuier.

Oornag: Pamukkale (Ontbyt, Middagete & Aandete)



DAG 5: Dinsdag, 1 September 2027

Hiërapolis en die Katoenkasteel

Vanoggend ontdek ons die antieke stad Hiërapolis, 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied wat meer as 2 000 jaar gelede bo die bekende warmbronne van Pamukkale ontstaan het. Die stad was eens 'n florerende Romeinse kuuroord waarheen mense van regoor die antieke wêreld gekom het om die warm, mineraalryke water te geniet.

Ons stap deur die indrukwekkende oorblyfsels van die stad, waaronder die groot Nekropolis, teater en Romeinse badhuise. Ons besoek ook die legendariese Cleopatra-swembad, waar warm mineraalwater steeds tussen die marmerkolomme vloei. Volgens die legende het Cleopatra self hier gewem.

Van hier af stap ons op die helderwit kalkterrasse van Pamukkale – Turkye se beroemde “Katoenkasteel”.



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Die terrasse is oor duisende jare gevorm deur mineraalryke warmwaterbronne wat teen die berghelling afloop en 'n reeks wit poele agterlaat. Met ons kaal voete in die warm water is dit maklik om te verstaan waarom hierdie plek al eeue lank reisigers lok.

Ná middagete reis ons deur die Turkse platteland na die hawedorp Fethiye, waar beboste berge die helder turkoois waters van die Middellandse See ontmoet. Ons sluit die dag af met aandete by 'n plaaslike visrestaurant langs die see, waar ons die vars geure van die Middellandse See geniet terwyl die son oor die marina sak.

Oornag: Fethiye (Ontbyt, Middagete & Aandete)

DAG 6: Woensdag, 2 September 2027

Bootvaart langs die Lyciese Kus

Vanoggend geniet ons 'n rustige oggend voor ons aan boord 'n ontspannende bootvaart na die 12 Eilande gaan. Ons vaar langs die Lyciese kus, waar ruwe berge en helder turkoois water die agtergrond vorm terwyl ons deur beskutte baaie en verby klein eilande soos die Tersane-eiland en die Yassica-eilande beweeg.

Daar is deur die dag geleentheid om in die kristalhelder water te swem en te snorkel, 'n afgesonderde inham te verken of eenvoudig op die dek van die boot te ontspan en die uitsig te geniet. Middagete word aan boord bedien – die perfekte manier om 'n dag op die Middellandse See deur te bring.

Teen laatmiddag keer ons terug na Fethiye. Vanaand is daar tyd vir 'n rustige wandeling al langs die waterfront, met kafees, straatmusikante en liggies van die marina wat die dag op 'n ontspanne noot afsluit.

Oornag: Fethiye (Ontbyt & Middagete)



DAG 7: Donderdag, 3 September 2027

'n Dag van Ontspanning in Fethiye

Na dae van geskiedenis en antieke beskawings skuif die pas in Fethiye na die Middellandse See. Vandag is jou dag om Fethiye op eie houtjie te verken. Ontspan by die hotel, geniet die son langs die swembad of op een van die strande, of kuier rustig langs die waterfront en marina.

Verken Fethiye se ou stad met sy smal straatjies, klein boetieks, Turkse tapytwinkels, juwelierswinkels en gesellige kafees. Die plaaslike markte is vol kleur en geure, van vars speserye en geroosterde neute tot gedroogde vrugte en tradisionele tee. Of sit terug met 'n Turkse koffie en kyk hoe die seiljagte stadig oor die marina beweeg.



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Vir diegene wat iets meer avontuurlik wil aanpak, is daar opsionele aktiwiteite soos tandem-valskermsweef oor die wêreldbekende Blou Lagune by Ölüdeniz, of 'n Jeepsafari deur die omliggende berge en tradisionele dorpie.

Wat jy ook al kies, ons Leef Jou Reis-span is daar met aanbevelings en wenke om jou te help om die meeste van jou tyd in Fethiye te maak.

Oornag: Fethiye (Ontbyt)




DAG 8: Vrydag, 4 September 2027

Istanboel: Waar Oos en Wes Ontmoet

Vanoggend vertrek ons vroeg lughawe toe vir ons kort vlug na Istanboel – die buitengewone stad waar Europa en Asië bymekaar kom. Met ons aankoms vertrek ons na die hart van hierdie besondere stad, waarvan die verhaal oor eeue heen deur die Bisantynse en Ottomaanse ryke gevorm is. Vandag is Istanboel 'n unieke kulturele kruispad waar Oos en Wes saamkom.

Ons verkenning begin in die historiese Ou Stad met 'n besoek aan die indrukwekkende Blou Moskee, bekend vir sy elegante koepels, hoë minarette en duisende blou znik-teëls wat die binnekant versier. Ons besoek ook die antieke Hippodroom, eens die sosiale en sportiewe middelpunt van Konstantinopel. Hier het strydwa-resies, keiserlike seremonies en groot feesvieringe die Bisantynse wêreld eeue lank vermaak. Ons bewonder ook die legendariese Hagia Sophia, een van Istanboel se bekendste bakens, en 'n plek wat diep verweef is met die stad se geskiedenis.





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Ons geniet middagete by 'n plaaslike restaurant voordat ons die bedrywige strate van Istanboel verruil vir die indrukwekkende Basilica Cistern. Hierdie enorme ondergrondse waterreservoir is in die 6de eeu in opdrag van keiser Justinianus gebou. Honderde marmerkolomme staan in die dowwe lig en word weerspieël in die stil water – 'n besondere voorbeeld van Bisantynse ingenieursvernuif. Die beroemde Medusa-koppe, wat onder die kolomme versteek lê, voeg nog 'n tikkie misterie aan hierdie unieke ruimte toe.

Ons neem daarna tyd om die atmosfeer van die Ou Stad verder te geniet. Dwaal deur die historiese strate, ontdek 'n klein winkeltjie of kafee, of sit eenvoudig terug en kyk hoe die stad om jou ontvou.

Ná alles wat ons vandag gesien en beleef het, is dit 'n mooi manier om ons eerste dag in Istanboel af te sluit.

Oornag: Istanboel (Ontbyt & Middagete)



DAG 9: Saterdag, 5 September 2027

Istanboel se Basaars en Bosporus

Ons begin die dag by die kleurvolle Speserymark, een van Istanboel se mees besondere basaars en 'n wonderlike plek om kennis te maak met die stad se eeu oue handelslewe. Sedert die 17de eeu vul handelaars die nou gange met kleurvolle speserye, tee, gedroogde vrugte, geroosterde neute, Turkse lekkernye en plaaslike produkte. Terwyl ons tussen die bedrywige stalletjies rondstap, beleef ons die besondere atmosfeer van 'n mark waar handel en tradisie steeds deel van die daaglikse lewe is.

Ons besoek ook die legendariese Groot Basaar, een van die wêreld se oudste en grootste markte onder een dak. 'n Doolhof van nou straatjies lei ons verby duisende winkeltjies vol handgemaakte ware, tekstiele, juweliersware, keramiek en tradisionele Turkse produkte. Die Groot Basaar is egter veel meer as net 'n plek om inkopies te doen, dit is 'n wêreld op sy eie – 'n doolhof van gange en duisende winkeltjies waar handgemaakte ware, tekstiele, juweliersware, keramiek en tradisionele Turkse produkte uitgestal word.

Later geniet ons 'n rustige bootrit op die Bosporus, die bekende seestraat wat Europa en Asië van mekaar skei. Met die twee kontinente weerskante van ons, kry ons 'n heel ander perspektief op Istanboel. Langs die oewers verskyn indrukwekkende paleise, statige Ottomaanse herehuise, elegante waterfrontwonings en historiese vestings – 'n unieke mengsel van die stad se verlede en sy moderne lewe.

Die res van die dag is joune om Istanboel op jou eie manier te geniet.



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Dwaal deur nog 'n paar van die stad se minder bekende hoekies, soek daardie laaste spesiale aankope, geniet 'n tradisionele Turkse koffie of sit eenvoudig terug en neem die energie van hierdie besonderse stad in. Die Leef Jou Reis-span is natuurlik beskikbaar met aanbevelings om jou te help om die meeste van jou laaste paar ure in Istanboel te maak.

Oornag: Istanboel (Ontbyt)

DAG 10: Sondag, 6 September 2027

Istanboel: 'n Laaste Viering

Ons laaste dag in Istanboel is joune om teen jou eie pas te geniet. Gebruik die tyd om nog 'n laaste draai langs die water te maak, terug te keer na 'n gunstelingplek, vir oulaas deur die winkels te kuier of eenvoudig by 'n kafee te sit en die lewe van Istanboel rondom jou dop te hou.

Omdat ons eers later uit ons hotel moet uit te klok, het ons genoeg tyd om Istanboel rustig op ons eie te geniet voordat ons bymekaarkom vir 'n spesiale afsluitings-ete. Tydens aandete kyk ons terug op die reis wat ons deur Turkye geneem het – van die besondere landskappe en antieke stede tot die plaaslike geure, nuwe ervarings en die mense wat hierdie reis saam met ons gedeel het. Met tradisionele Turkse musiek en vermaak word die aand 'n gepaste viering van alles wat ons op hierdie toer beleef het.

Oornag: Istanboel (Ontbyt & Aandete)

DAG 11: Maandag, 7 September 2027

Totsiens, Turkye

Ons vlug vertrek in die vroeë oggendure en ons keer huis toe met kosbare herinneringe aan Tydlose Turkye – aan nuwe ervarings, besondere oomblikke en 'n reis wat nog lank by ons sal bly.

(Alle etes aan boord)



Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Pakket Sluit In:

- 9 Nagte se hotelverblyf met daaglikse ontbyt
- Binnelandse vlugte binne Turkye soos per die reisprogram
- Lughawevervoer met aankoms en vertrek (indien groepsvlugte gebruik word)
- 6 Middagetes
- 4 Aandetes, insluitend 'n verwelkomings-aandete in Kappadosië en 'n afsluitings-ete in Istanboel met tradisionele vermaak
- Begeleide besigtigingstoere en toegangsgelde soos per die reisprogram
- Besoeke aan Devrent-vallei, Paşabağ (Monnikvallei) en die Göreme Opelugmuseum in Kappadosië
- Verkenning van Red Valley, die dorpie Çavuşin, Derinkuyu se ondergrondse stad, Pigeon Valley en Uçhisar-kasteel
- Wynproe-ervaring in Kappadosië
- Besoek aan Sultanhanı-karavanserai en die Mevlana-museum in Konya
- Begeleide besoeke aan die antieke stad Hiërapolis en die kalkterasse van Pamukkale
- Bootvaart vanaf Fethiye na die 12 Eilande
- Bosporus-bootvaart in Istanboel
- Besoeke aan Istanboel se Speserymark, Blou Moskee, Basilica Cistern, Hippodroom en Groot Basaar
- Alle foottjies
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enkelpersoon*

Pakket Sluit Uit:

- Internasionale vlugte tussen Turkye en Suid-Afrika
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Verpligte reisversekering
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies

Dinge Om Te Onthou:

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (08 Maart 2028).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reisspan, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.

- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selffoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die programme sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere soos aangedui, in.





Tydlose Turkye

28 Augustus – 07 September 2027

EUR 2 800 per persoon wat deel*
EUR 3 400 per persoon in enklpersoon*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Tydlose Turkye-toer te verseker:

STAP 1

Laat weet ons of jy hierdie opwindende toer wil meemaak, en stuur vir ons jou e-posadres en selfoonnommer. Ons sal dan die besprekingsvorm stuur wat jy moet voltooi en terugstuur saam met 'n afskrif van jou paspoort en bewys van betaling van die deposito na leefjoureis@twf.co.za.

STAP 2

Hierdie reisplan is baie volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus asseblief seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of 'n whatsapp na 082 923 3626 – ons help graag.

STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na 'n ongelooflike reis!

Deposito:

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R15 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R15 000 is teen 20 November 2026 betaalbaar en 'n verdere R15 000 teen 20 Januarie 2027. Die totale uitstaande bedrag is teen 31 Maart 2027 betaalbaar.
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebasseer op 1Euro = R21, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal.
- Pryse is gebasseer op elektroniese betalings.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: TUR27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

EUR 2 800 per persoon wat deel (twin / dubbelkamer)*

EUR 3 400 per enklpersoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747




INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd